



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING IN DIE MUNISIPALE
RAADSAAL, BREDASDORP GEHOU OM 10:00 OP DONDERDAG
10 NOVEMBER 2022**

**MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD ON THURSDAY,
10 NOVEMBER 2022 AT 10:00 AT THE MUNICIPAL
COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP**

RAADSLEDE / COUNCILLORS

Me	J August-Marthinus	
Mnr	D Burger	(Speaker)
Me	K Donald	
Mnr	D Jantjies	
Mnr	R Louw	
Me	M Matthysen	
Mnr	R Mokotwana	
Mnr	J Nieuwoudt	
Mnr	G Olwage	
Mnr	R Ross	(Onder-Burgemeester)
Mnr	P Swart	(Burgemeester)

AMPTENARE / OFFICIALS

Mnr	E Phillips	Munisipale Bestuurder / Municipal Manager
Mnr	H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr	H Kröhn	Direkteur: Bestuursdienste
Mnr	S Cooper	wnd Direkteur: Infrastruktuurdienste
Mnr	B Swart / Z Baca	Interne Ouditeur
Mnr	M Moelich	Bestuurder: Administrasie
Me	S Nel	Stadsbeplanner
Me	N Mhlali-Musewe	Divisional Head: HR and OD
Me	T Stone	Afdelingshoof: Strategiese Dienste

INHOUDSOPGAW / TABLE OF CONTENT

	ITEM	Bladsy / Page	
		Agenda	Bylaes
1.	Opening	4	
2.	Aansoeke om Verlof tot Afwesigheid	4	
3.	Onderhoude met Afgevaardigdes en/of ander besoeke	4	
4.	Notules van Vorige Vergaderings voorgelê vir Bekragtiging:		
4.1	Notule van Algemene Raadsvergadering gehou op: 5 Oktober 2022	4	Bylaag 1
4.2	Notule van Spesiale Raadsvergadering gehou op: 31 Oktober 2022	4	Bylaag 1
5.	Notules van UBK Vergaderings vir Kennisname:		
5.1	Notule van UBK vergadering gehou op: 27 September 2022	4	Bylaag 1
6.	Notules van Komitee vergaderings vir Kennisname/Bespreking		
6.1	Notules van Wykskomitee Vergaderings vir Kennisname/Bespreking	4	Bylaag 1
7.	Sake voortspruitend uit Notule	4	
8.	Verklarings en/of Mededelings deur die Voorsitter:		
8.1	Briewe van Dank	4	
8.2	Funksies vir die maand	4	
8.3	Aanwys van Afgevaardigdes	4	
8.4	Dringende sake deur die Speaker voorgelê	4	
9.	Terugvoering vanaf Raadslede oor Vergaderings Bygewoon	4	
10.	Verklarings en/of Mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester	4	
11.	ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING:		
11.1	CAM Energy Management Policy	5	1 - 20
11.2	Vervreemding (koop): Ged Erf 1148, Bredasdorp (Clearlake)	5 - 7	21 - 23
11.3	Vervreemding (koop): Ged Erf 1148, Bredasdorp (C Teixeira)	7 - 9	24 - 29
11.4	Vervreemding (koop): Ged Erf 1343, Bredasdorp (Plaatjies Agri Mix Ltd)	9 - 11	30 - 31
11.5	Vervreemding (huur): Erf 591, Bredasdorp (Every Nation Bredasdorp)	11 - 12	32 - 33
11.6	Vervreemding (huur): Ged Erf 1148, Bredasdorp (D Lourens)	12 - 14	34 - 41
11.7	Sluiting van stegies: Wyk 2, Bredasdorp	14 - 16	42 - 50
11.8	Vervreemding (koop): Erf 2838, Struisbaai (M Esterhuizen)	16 - 18	51 - 53
11.9	Vervreemding (huur): Erf 94, Napier (A Olivier)	18 - 19	54 - 55
11.10	Vervreemding (koop): Ged Erf 619, Waenhuiskrans (F Newman)	19 - 21	56 - 58
11.11	Vervreemding (koop): Ged Erf 373, Waenhuiskrans (R Europa, E Bernado en J Davids)	21 - 23	59 - 63
11.12	Langtermyn verhuring: Erf 214, Waenhuiskrans (R Europa)	23 - 24	64 - 74
11.13	Application of Houseshop By-Law: Millpark	24 - 31	-
11.14	SDF: Progress Report	31 - 34	-
11.15	Hervestiging: Zwelitsha-Varkboere	34 - 36	75

INHOUDSOPGAWE / TABLE OF CONTENT			
	ITEM	Bladsy / Page	
11.16	Veiling: Beskikbare grond vir die 2022/23 boekjaar	36 - 38	-
11.17	Bi-Annual Municipal Service Delivery Imbizo	38 - 40	-
11.18	Kansellasië van Ooreenkomste: Meentgrond	40	-
11.19	Report on Development within CAM	40 - 51	-
11.20	Korting of Huurooreenkoms: Grobbelaarsaal Napier (N Salie)	51 - 52	76
11.21	CAM Summer Season Readiness Plan: Dec 2022 - Feb 2023	52	-
11.22	Quarterly SCM Report: 1 July 2022 to 30 September 2022	53	77 - 120
11.23	Strategic Risk Register: 2022/23	53 - 58	-
11.24	Versoek om kantore sekere dae binne Kersseisoen te sluit	58 - 59	-
12.	Dringende Sake deur die Munisipale Bestuurder	59	
13.	Oorweging van Kennisgewing van Mosies	59	
14.	Oorweging van Kennisgewing van Vrae	59	
15.	Verslag deur Munisipale Bestuurder oor die uitvoering van Raadsbesluite	59	
16.	In-Komitee Verslae	59	
17.	Sluiting	59	

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Burgemeester Swart open die vergadering met gebed. Die besoeker, (Mnr Titus) word verwelkom by die vergadering.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTING**

4.1 **NOTULE VAN ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

5 Oktober 2022 (*Notule was onder lede versprei*)

BESLUIT 273/2022

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.

4.2 **NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERINGS GEHOU OP:**

31 Oktober 2022 (*Notule was onder lede versprei*)

BESLUIT 274/2022

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERINGS OOR BESLUIE DEUR HOM GENEEM SAAM MET DIE BURGEMEESTERSKOMITEE**

5.1 **NOTULE VAN UBK VERGADERING**

- 27 September 2022
- 1 November 2022 (*UBK aanbevelings in huidige Notule vervat.*)

BESLUIT 275/2022

Die Raad neem kennis van bogenoemde UBK Notules.

6. **NOTULES VAN KOMITEE VERGADERINGS VIR BESPREKING / KENNISNAME**

6.1 **WYKSKOMITEE VERGADERINGS**

Notules van Wykskomitee vergaderings was onder lede versprei.

BESLUIT 276/2022

- (i) Die Raad neem kennis van bogenoemde Wykskomitee Notules.
- (ii) Die raad spreek sy kommer uit dat uitgenooide amptenare nie die vergaderings bywoon nie.

7. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**

RAADSVERGADERING 5 OKTOBER 2022 : RB 248/2022 (Fun Trucking and Rigging CC)

BESLUIT 277/2022

- Die Direkteur: Finansies 'n verdere ondersoek doen tov die Huurged betaalbaar. (R4000 is voorgestel vir die termyn vanaf 11 Desember 2022 tot 12 Januarie 2023)
- Dat die Munisipale Bestuurder gedelegeer word die huurbedrag in 'n kontrak te vervat.

8. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

8.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen

8.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

Geen

8.3 **AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES**

Geen

8.4 **DRINGENDE SAKE DEUR DIE SPEAKER VOORGELê**

- Voortaan sal "Verklaring van Belang" as 'n standaard punt op die agenda van die raad bestaan
- Raadslede word daaraan herinner om alle "belonings, geskenke en gunste" soos vervat in Artikel 10 van die Reglement, te verklaar.
- Die Jaarbeplanner vir 2023 word tans gesirkuleer, en raadslede word versoek om hul insette te gee
- Die raad gaan op Reses vanaf 14 Desember 2022 tot en met 13 Januarie 2023.

9. **TERUGVOERING VANAF RAADSLEDE OOR VERGADERINGS BYGEWOON**

Geen

10. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

- Die Uitvoerende Burgemeester meld die sensitiewe situasie ten opsigte van arbeid, wat tans op die plaas Vierfontein ervaar word.

11. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING / ITEMS REFERRED TO COUNCIL FOR CONSIDERATION**

11.1 **CAPE AGULHAS MUNICIPALITY ENERGY MANAGEMENT POLICY**

PURPOSE OF REPORT

To bring before Council the Cape Agulhas Municipality Energy Management Policy for approval, as attached on **page 1 to 20**.

BACKGROUND

The Municipality has been involved in various energy saving initiatives and training over the last few years and has developed an energy management policy for adoption by Council, to ensure that the Municipality is seen as being a leader in energy efficiency and reducing internal costs.

The Municipal energy bill is a large component of its cost of sales and has a far larger effect than the very low electricity loss figure.

LEGAL IMPLICATION

None.

FINANCIAL IMPLICATION

None, but could lead to significant savings.

PERSONNEL IMPLICATION

None.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

That the Cape Agulhas Municipality Energy Management Policy be approved and adopted by Council.

RESOLUTION 278 /2022

That the Cape Agulhas Municipality Energy Management Policy be approved and adopted by Council.

11.2 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE ERF 1148, BREDASDORP (CLEARLAKE (PTY) LTD**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr B Smit, namens Clearlake (Pty) Ltd ten einde 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp te koop vir die uitbreiding van die voorgestelde ontwikkeling op erf 6954, Bredasdorp (liggingsplan aangeheg op **bladsy 21**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 1148, Bredasdorp
Huidige sonering	:	Meentgrond
Voorgestelde Grootte	:	30ha

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 22** is van mnr Smit, namens Clearlake (Pty) Ltd ontvang om 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp by die Raad te koop.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Noted.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

In principle no objection but will to be considered in terms of the SDF as well as the directive for selling of pre-identified property aligned with the LTFP.

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Neem kennis sien kommentaar van verkeer.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

This consideration of alienation should be tested against all Spatial Planning determinations and a holistic infrastructure development plan needs to be tabled in order for this application to be considered.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

There would be bulk infrastructure costs and upgrading of the MV network in that area, this will be for the purchasers account when developing the property.

BESTUURDER: STADSBEPLANNING

This development proposal is supported. Our SDF earmarked the proposed portion of Erf 1148 east of the R319 and south of the R316 for future settlement expansion provided that the planning of the land be sensitive to the golf course. The proposed Golf Estate development on Erf 6954 could be an expansion to include the medical facility, frail care and retirement housing.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

In beginsel geen beswaar. Alle dienste sal aangespreek word in 'n ingenieursverslag van die totale gholflandgoed ontwikkeling.

BESTUURDER: WATER EN RIOOL

Additional water and sewer connections, moving of existing water and sewer infrastructure will be for the applicant's account.

BESTUURDER: BOUBEHEER

Die aansoek vir die ontwikkeling word ondersteun, daar moet aan alle Wetlike aspekte voldoen word.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Geen komentaar. Geen inpak op verkeer.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (12 SEPTEMBER 2022)

Die Wykskomitee versoek dat mnr Smit eers 'n voorlegging moet kom doen.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die aansoek deur die Raad oorweeg word, nadat:

- (i) 'n Publieke deelname proses gevolg is.
- (ii) Mnr Smit die voorlegging gedoen het.
- (iii) 'n Markwaarde bepaal is.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) That the Committee in-principle supports the alienation of part of erf 1148, Bredasdorp.
- (ii) That all legal processes be followed, which includes a public participation process.
- (iii) That a market related value be determined.
- (iv) That all townplanning processes be followed by the applicant.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee in-beginsel aanvaar word.
- (ii) Dat 'n werkwinkel ten opsigte van die "Eiendomsvervreemdingsbeleid" voor einde Februarie 2023 afgehandel word.

BESLUIT 279 /2022

- (i) Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in-beginsel aanvaar word.
- (ii) Dat 'n werkwinkel met die ontwikkelaar gereël word waarin hy die wykskomitee se lede ook inlig aangaande die beplande ontwikkeling.

11.3 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE ERF 1148, BREDASDORP (C TEIXEIRA)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van Town and Country, namens mnr C Teixeira ten einde 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp te koop en te konsolideer met erf 3366, Bredasdorp (liggingsplan aangeheg op **bladsy 24**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 1148, Bredasdorp
Huidige sonering	:	Meentgrond
Voorgestelde Grootte	:	±438m ²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 25 tot 29** is van Town and Country, namens mnr Teixeira ontvang om 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp by die Raad te koop en te konsolideer met erf 3366, Bredasdorp.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Noted.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

No objection.

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Geen beswaar.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

Should this application not be between the Homeowner's Association as opposed to the sectional title owner, as the ownership will be for the HOA as opposed to the sectional title owner? No objection to the alienation, as no perceived adverse impact on infrastructure.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

No Impact on municipal electrical infrastructure.

AFDELINGSHOOF: STRATEGIESE, BEPLANNING EN ADMINISTRATIEWE DIENSTE

No objection. All legal processes must be followed.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Geen probleem word voorsien met die vervreemding van die versoekte gedeelte nie.

1. Goedkeuring is reeds vanaf die bestaande erf se "Beheerliggaam" gekry dat die gedeelte ingesluit kan word.
2. Geen verdere ontwikkeling word beplan aan die kant van die "bos" waar aansoeker nou aansoek doen nie.
3. Die versoekte grond is in onbruik en kan vervreem word.
Aansoek word ondersteun.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie. Daar is egter 'n munisipale rioollyn waarvan die presiese ligging bepaal moet word.

BESTUURDER: BOUBEHEER

Die aansoek word ondersteun, daar moet net seker gemaak word dat geen impak op enige toekomstige ontwikkelings on uitbreidings sal he of enige toegang tot die gedeelte tebeperk nie.
Alle Wetlike beplannings vereistes moet nagekom word.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Geen beswaar van verkeer.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (13 SEPTEMBER 2022)

Aansoek word aanbeveel deur die Wykskomitee.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat gedeelte van erf 1148, Bredasdorp met die grootte van 438m² aan mnr Teixeira vervreem word.
- (ii) Dat 'n markverwante waardasie geïen word.
- (iii) Dat alle stadsbeplanningsprosesse gevolg word ten opsigte van onderverdeling, sonering en konsolidasie.
- (iv) Dat die publiek dienooreenkomstig van die Raad se voorneme in kennis gestel word.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) That the Committee in-principle supports the alienation of part of erf 1148, Bredasdorp
- (ii) That all legal processes be followed, which includes a public participation process.
- (iii) That a market related value be determined.
- (iv) That all townplanning processes be followed by the applicant.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee in-beginsel aanvaar word.
- (ii) Dat 'n werkwinkel ten opsigte van die "Eiendomsvervreemdingsbeleid" voor einde Februarie 2023 afgehandel word.

BESLUIT 280 /2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in-beginsel aanvaar word

11.4 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE ERF 1343, BREDASDORP (PLAATJIES AGRI MIX LTD)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van Plaatjies Agri Mix Ltd ten einde 'n gedeelte van erf 1343, Bredasdorp te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 30**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 1343, Bredasdorp
Huidige sonering	:	Onbepaald
Voorgestelde grootte	:	2.9ha

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 31** is van Plaatjies Agri Mix Ltd ontvang om 'n gedeelte van erf 1343, Bredasdorp by die Raad te koop.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Noted.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

In beginsel geen beswaar maar sal gekyk moet word welke die eiendom geskik is vir die tipe boerdery op 'n volhoubare wyse soos aangedui asook na hoeveel diere geakkommodeer kan tesame met die sonering voorwaarde van die eiendom

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Neem kennis.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

Not supported. This must go through stakeholder engagement and the property should be alienated in line with the MFMA regulations.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

There is no electricity supply on that portion and costs are for the owner, Supply cannot be provided across plot boundaries.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Ek kan nie die "permanente vervreemding" (verkoop) van die grond voorstel nie. Die grond moet "altyd" vir boerdery beskikbaar wees - veral op 'n tydelike basis totdat die boere alternatiewe heenkome gekry het. Permanente vervreemding deur dit te verkoop, sal die eiendom van ander opkomende boere weerhou. Ek sien die kampies almal as 'n "tydelike heenkome vir opkomende boere".

BESTUURDER: STADSBEPLANNING

Die huidige sonering is "Onbepaald". Indien die grond permanent vervreem word sal die grondregte dienooreenkomstig moet verander wat 'n EIA kan insluit weens die Droerivier wat 'n "wetland" veroorsaak.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

BESTUURDER: WATER & RIOOL

Geen beswaar.

BESTUURDER: BOUBEHEER

Die gedeelte waarvoor aansoek gedoen word moet daar eers bevestiging verkry word vanaf stadsbeplanning dat dit nie vir toekomstige uitbreiding benodig gaan word nie. Verder moet bepaal word hoever vanaf die bestaande woonhuise hierdie perseel is dat dit nie oorlas skep vir die inwoners nie met die diere wat daar aangehou gaan word nie. Alle wetlike aspekte moet ook nagekom word met die verkoop van die perseel.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Geen beswaar van verkeer.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (12 SEPTEMBER 2022)

Dat die Raad eers 'n aanduiding gee waarna die volgende behuising uitbreiding gaan beweeg. Ander grond moet geïdentifiseer word, sou daar verdere behuising uitbreidings plaasvind.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die aansoek vir die vervreemding nie goedgekeur word nie.
- (ii) Dat die stadsbeplanningsproses vir die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk eers gefinaliseer word en aandui of die grond nie moontlik vir toekomstige uitbreiding benodig word nie.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat alternatiewe persele ondersoek word.
- (iii) Dat die Raad oorweeg om die huurder se bestaande huurooreenkoms te verleng totdat uitsluitel binne die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk gegee is ten opsigte van verdere dorpsuitbreiding.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

Dat die aansoek om vervreemding deur die eiendom te koop, nie goedgekeur word nie en terugverwys word vir verdere ondersoek ten opsigte van die "sosiale fasiliteite" wat op die perseel geskep mag word.

BESLUIT 281 /2022

- (i) Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat, indien die aansoeker die grond by die raad wil huur, sodanige aansoek by die raad ingedien word.

11.5. **VERVREEMDING (HUUR): ERF 591, BREDASDORP (E VAN LILL - EVERY NATION BREDASDORP)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat oorweging geskenk word aan die versoek van mnr E Van Lill, namens Every Nation Bredasdorp ten einde erf 591, Bredasdorp by die Raad te huur (liggingsplan aangeheg op **bladsy 32**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Erf 591, Bredasdorp
Ligging	:	Audrey Blignaultstraat 18
Huidige sonering	:	Publieke Oopruimte
Erf Grootte	:	4174m ²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 33** is van mnr Van Lill, namens Every Nation Bredasdorp ontvang om erf 591, Bredasdorp by die Raad te huur.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

Die aansoek word nie ondersteun gebaseer op die voorlegging gedoen en soos reeds aangedui kan die eiendom in toekoms aangewend word vir munisipale doeleindes.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

Adequate objection to the alienation.

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Geen impak op verkeer nie.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

That plot has HV cable servitudes across it as the building next to it is a Substation and was also left for future expansion to the substation.

BESTUURDER: STADSBEPLANNING

The property is zoned Open Space for a reason- mostly because of CAM's infrastructure on site and future expansion thereof. It is proposed that alternative smaller site be identified.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Aansoek word nie ondersteun nie. Genoegsame parkeerplek sal nie voorsien kan word nie, asook die feit dat die raad baie moontlik die grond in die toekoms sal benodig vir munisipale doeleindes.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie wesenlik beïnvloed nie.

BESTUURDER: BOUBEHEER

Die aansoek kan nie ondersteun word nie. Dit is huidiglik openbare ruimte en kan moontlik in die toekoms vir kantoor uitbreiding aangewend word.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Verkeer word nie beïnvloed.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (13 SEPTEMBER 2022)

Erf B591 Oopruimte langs Raadsaal: Aansoek om kerk op te rig. Die Komitee verlang 'n skrywe van watter tipe aktiwiteite daar gaan plaasvind, asook wat die insette vanaf die omliggende inwoners is.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die aansoek nie ondersteun word nie, aangesien daar munisipale dienste op die erf is en die genoemde erf vir moontlike uitbreiding benodig gaan word.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee aanvaar word.
- (ii) Dat 'n werkwinkel ten opsigte van die "Eiendomsvervreemdingsbeleid" voor Februarie 2023 afgehandel word.

BESLUIT 282/2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word

11.6 **VERVREEMDING (HUUR): GEDEELTE ERF 1148, BREDASDORP (D LOURENS)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr D Lourens ten einde 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp te huur vir die aanhou van perde (liggingsplan aangeheg op **bladsy 34**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 1148, Bredasdorp
Huidige sonering	:	Meentgrond
Voorgestelde Grootte	:	±1.5ha

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 35 tot 41** is van mnr Lourens ontvang om 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp by die Raad te huur.

MARKWAARDASIE

R1 416,22 p.j. (gebaseer op bestaande ooreenkomste van kampies)

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

Neem kennis met die insette reeds deurgegee deur die tegniese afdelings.

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Indien daar nie voldoen kan word aan al die vereistes van die onderskeie by-wette nie, sal die aansoek nie ondersteun kan word nie.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

Application for alienation of municipal land not supported, as it is not suitable for the intended use of monetising horses for entertainment. The business plan needs to be scrutinised for feasibility, otherwise this will become the municipalities problems like the pigs (only as an example).

ELEKTRISITEITSDIENSTE

No electricity available and the applicant states that they do not want electricity, but if this were to change, the cost of connection would be for the tenant.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Aansoek word ondersteun. Die perseel is besig om oorgroei te word, so die huurder sal 'n aanwinst wees om die terrein op te knap. Verhuring op dieselfde voorwaardes as die "beeskampe".

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Toegang vanaf die R319 na die betrokke gedeelte grond word nie aanbeveel nie.

BESTUURDER: WATER EN RIOOL

Additional water and sewer connections, moving of existing water and sewer infrastructure will be for the applicant's account.

BESTUURDER: BOUBEHEER

Daar sal eers seker gemaak moet word wat die toekomstige beplanning is en of die gronde nie vir nywerheids ontwikkeling aangewend kan of gaan word nie, voordat enige besluit geneem word. Daar moet ook daarop gelet word dat dit baie naby aan die woonhuise is en dat vlieë probleem geskep kan word die aanhou van diere daar. Sodra TP bevestig het dat die gronde nie vir toekomstige ontwikkeling benodig gaan word nie, sal die aansoek ondersteun word, maar nie nou nie.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

As die omheining volgens staandaarde is van die by hoof paaie word ondersteuning verleen van verkeer maar andersins sal die omhuining van so n aard moet wees dat perde nie maklik toegang het tot hofpad.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE: 19 JULIE 2022

Ondersteun die aansoek.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp (bekend as die R5 kampie) aan mnr Lourens verhuur word vir die aanhou van perde, vir 'n termyn van 3 jaar beginnende 1 Desember 2022 tot en met 30 November 2025.
- (ii) Dat die huurgeld van R1 416,22 p.j. vooruitbetaalbaar sal wees.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste aanvaar word.

BESLUIT 283 /2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word

11.7 **SLUITING VAN STEGIES: WYK 2, BREDASDORP**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van inwoners van Wyk 2 vir die sluiting van verskeie stegies (liggingsplanne aangeheg op **bladsy 42 tot 49**).

ALGEMENE INLIGTING

STEGIE A: TUSSEN OU MEULEWEG EN WILGERLAAN

Eienaar : KAM
Eiendom : Erf 1737, Bredasdorp
Bestaande sonering : Enkel Residensieel
Erf Grootte : 92m²

STEGIE B: TUSSEN OUMEULEWEG EN ASTERLAAN

Eienaar : KAM
Eiendom : Erf 5986, Bredasdorp
Bestaande sonering : Publieke Oopruimte
Erf Grootte : 213m²

STEGIE C: 2 IN PARKVIEW

Eienaar : KAM
Eiendom : Erf 5889 en 5882, Bredasdorp
Bestaande sonering : Publieke Oopruimte
Erf Grootte : 60m²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 50** is van van M Jacobs, S Latier, P en M Davids en A J Phaff ontvang vir die sluiting van die steeg op erf 5986, Bredasdorp. Die redes vir die aansoeke vir die sluiting van stegies is dat storting van vullis deurlopend plaasvind. Die aanliggende eienaars se eiendom word gevandaliseer en inbrake vind plaas asook geraas veral weens die misbruik van alkohol.

WETLIKE IMPLIKASIES

- 1. MFMA
- 2. MATR

3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Noted.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

No objection to closing the steeg, however access needs to be retained for maintenance.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

Geen beswaar solank die toepaslik wetgewing prosedure gevolg word.

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Geen beswaar.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

No Objections.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Die aansoek om sluiting word nie ondersteun nie. Die steeg bied 'n deurgang vir voetgangers asook in 'n geval van noodontruiming kan dit baie toeganklik wees. Die Wykskomitees se insette is van kardinale belang. OM van die probleme aan te spreek, kan die steeg moontlik net saans verlig word.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Volgens planne is daar 'n 300mm stormwaterpyp in die steeg gelee en kan die steeg dus nie gesluit word nie. Daar is ook 'n munisipale rioollyn wat die steeg kruis.

BOUBEHEER

Die aansoek word ondersteun, maar daar moet aan alle Wetlik vereistes voldoen word en alle omliggende en aanliggende eienaars moet geken word in die aansoek.

STADSBEPLANNING

Due to current CAM's infrastructure (stormwater and sewer lines), the proposal is not supported. However we should look at alternative measures to safeguard the area.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Geen beswaar

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (12 SEPTEMBER 2022)

Na gesprekvoering met die verskeie aangrensende eienaars, is die volgende besluit: Dat die stegie deur die Raad toegebou word en dat die eienaars verantwoordelik sal wees vir die instandhouding van die stegies.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die volgende stegies in Wyk 2 gesluit word:

- a. Tussen Ou Meuleweg en Wilgerlaan.
- b. Tussen Ou Meuleweg en Asterlaan.
- c. 2 Stegies in Parkview.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Die Komitee ondersteun die sluiting van die stegie tussen Ou Meuleweg en Wilgerlaan asook die twee stegies in Parkview.

- (ii) Die stegie tussen Ou Meuleweg en Asterlaan word terugverwys vir publieke kommentaar en insette aan die Wykskomitee.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

- (i) Die UBK ondersteun die sluiting van die stegie tussen Ou Meuleweg en Wilgerlaan asook die twee stegies in Parkview.
(ii) Dat 'n volledige publieke deelname proses gevolg word.

BESLUIT 284/2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word

11.8 **VERVREEMDING (KOOP): ERF 2838, STRUISBAAI (M ESTERHUIZEN)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat oorweging geskenk word aan die versoek van me M Esterhuizen ten einde erf 2838, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 51**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Ligging	:	Erf 2838, Struisbaai
Huidige sonering	:	Oop Ruimte
Erf Grootte	:	700m ²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 52** is van me Esterhuizen ontvang om erf 2838, Struisbaai by die Raad te koop.

MARKWAARDASIE

R255 951,00

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Not supported previous requests in this regard was not supported by council. If need be the erf needs to be sold by public auction or tender.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

Noted for adherence to prescribed legislation and consistent application as per council current practices / guideline.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

No objection to alienate the land from a service delivery perspective. In keeping in line with the MFMA is to achieve the optimum value, the land should be disposed of on public auction.

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Stel voor dat die erf per publieke veiling of oop tender proses vervreem word.

AFDELINGSHOOF: STRATEGIESE BEPLANNING EN ADMINISTRATIEWE DIENSTE

In keeping with precedent, if the property is suitable to be zoned as residential it should be sold via public process.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

No problem with electricity, but with the plot being 700m it would most probably be sold on public auction or tender.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Stel voor dat die erf per publieke veiling of oop tenderproses vervreem word.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

BESTUURDER: WATER EN RIOOL

Geen probleem itv water en riool.

STADSBEPLANNING

Indien die aansoek ondersteun word sal die aansoeker moet die oopruimte sluit, hersoneer en konsolideer met sy eie erf om die voorstelling te kan akkommodeer.

BOUBEHEER

Dat daar aan al die Stadsbeplannings vereistes voldoen moet word of voorwaardes gestel.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die eiendom per publieke tender/veiling vervreem word met die waardasie as reserweprys.
- (ii) Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir hul insette.

RAADSBESLUIT 202/2020: 8 DESEMBER 2020

- (i) Dat die aangeleentheid oorstaan.
- (ii) Dat Stadsbeplanning 'n ondersoek doen oor bestaande groenones/publieke oop areas en 'n volledige verslag aan die Raad voorlê ten opsigte van die voortbestaan van die genoemde gebiede.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (15 APRIL 2021)

Mnr Donald October sal terugvoer gee oor wie die naby geleë erf gebruik en vir watter doeleindes, alvorens die Wykskomitee 'n besluit kan neem. Die verkoop van "groen areas" is 'n groterwordende probleem, aangesien 'n presedent geskep kan word vir ander eienaars wat aangrensend aan groen areas is wat dan ook kan besluit om die areas te koop en deel van hul eiendom te maak.

Ondersoek is ingestel en daar is bevind dat daar 'n natuurlike stormwaterkanaal op erf 2789, Struisbaai loop (sien *bladsy 53*).

BESTUURSAANBEVELING

Dat die vervreemding van gedeelte erf 2838, Struisbaai nie aanbeveel word nie, aangesien daar munisipale dienste op die genoemde erf is.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die vervreemding van gedeelte erf 2838, Struisbaai nie aanbeveel word nie, aangesien daar 'n natuurlike stormwaterkanaal oor erf 2789, Struisbaai loop.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

- (i) Dat die vervreemding van 'n gedeelte van erf 2838, Struisbaai ondersteun word.
- (ii) Dat alle stadsbeplanningsprosesse wat onderverdeling, konsolidasie en die publieke deelname proses insluit, deur die aansoeker gevolg word.

BESLUIT 285 /2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word

11.9 **VERVREEMDING (HUUR): ERF 94, NAPIER (A OLIVIER)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van me A Olivier ten einde erf 94, Napier te huur (liggingsplan aangeheg op **bladsy 54**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Erf 94, Napier
Ligging	:	Jan Van Der Bylstraat 14
Erf Grootte	:	2 823m ²
Huidige Sonering	:	Enkel Residentieel

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 55** is van me Olivier ontvang om erf 94, Napier by die Raad te huur.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Huurinkomste vir die Raad.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

No objection

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

No objection to hiring out specifically for vegetable garden, however cognisance needs to be taken for the electrical servitude and also no structures to be erected on the erf.

DIREKTEUR: BESKERMINGSDIENSTE

No Objection.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

There is a road on that portion with a power line feeding the houses further in.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

DIE genoemde gedeelte van erf 94, word nie deur die raad gebruik nie, en daar vind tans geen aktiwiteite hoegenaamd plaas nie. Die verhuring van die grond kan ondersteun word, indien die bure, en die wykskomitee die aansoek ondersteun.

STADSBEPLANNING

Geen beswaar teen die voorstel nie. Publieke deelname sal volg met advertering.

BESTUURDER: BOUBEHEER

Die aansoek word ondersteun, alle Wetlike prosese moet gevolg word.

BESTUURDER: STRATE & STORWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Geen kommentaar van verkeer

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (22 AUGUSTUS 2022)

The Ward Committee is in favour of this application.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat goedkeuring gegee word om erf 94, Napier aan me A Olivier te verhuur vir die vestiging van 'n gemeenskapstuin.
- (ii) Dat die Raad se voorneme aan die publiek bekend gemaak sal word.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat 'n markverwante huur bepaal word.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

Dat erf 94, Napier tydens die eerskomende publieke veiling te koop aangebied word.

BESLUIT 286 /2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word

11.10 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE ERF 619, WAENHUISKRANS (F NEWMAN)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr F Newman ten einde 'n gedeelte van erf 619, Waenhuiskrans te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 56**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars : KAM
Eiendom : Gedeelte Erf 619, Waenhuiskrans
Ligging : Geelbeklaan 8
Huidige sonering : Straat
Erf Grootte : 180m²
Voorgestelde grootte: 2.500m x 11m lengte

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 57 en 58** is van mnr Newman, eienaar van erf 620, Waenhuiskrans ontvang om 'n gedeelte van erf 619, Waenhuiskrans by die Raad te koop ten einde 'n muur te bou.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Noted.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

Geen beswaar.

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

No objection to alienation at a market related price.

DIREKTEUR: BESKERMINGSDIENSTE

Geen beswaar.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

Eskom supply area.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Erf 619: die vervreemding van die erf moet verder ondersoek word. In WHK lyk dit op 'n kaart baie na 'n erf, maar die realiteit op die grond is die soms "of 'n duin, of 'n gat". Indien die erf wel as 'n residensiële erf gebruik kan word, moet dit per VEILING of TENDER vervreemd word.

BESTUURDER: STADSBEPLANNING

Die Erf is tans Munisipaal gesoneer en is 180vkm groot. Die grond kan verkoop word aan die eienaar, alhoewel dit gesoneer moet word na residensiël indien die eienaar dit vir woondoeleindes wil gebruik.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

BESTUURDER: BOUBEHEER

Die aansoek word ondersteun en alle Wetlike aspekte moet nagekom word. Die redes wat die persoon verskaf vir die aankoop maak nie sin nie, want hy bly nie om 'n draai nie.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Geen beswaar van verkeer.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE: 21 SEPTEMBER 2022

Die aansoek van Mnr Frederick Newman om 'n stukkie grond van 2, 500 meter by 11 meter lengte te koop by Kaap Agulhas Munisipaliteit word afgekeur deur wykskomitee.

BESTUURSAANBEVELING

Dat vervreemding van gedeelte erf RE/773 aan mnr Newman nie ondersteun word nie, aangesien dit die sig in Geelbeklaan gaan belemmer.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

Dat vervreemding van 'n gedeelte erf RE/773 aan mnr Newman, nie ondersteun word nie.

BESLUIT 287 /2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word

11.11 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE ERF 373, WAENHUISKRANS (R EUROPA, E BERNADO EN J DAVIDS)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat oorweging geskenk word aan die versoeke van me R Europa, me E Bernado en me J Davids ten einde 'n gedeelte van erf 373, Waenhuiskrans by die Raad te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 59**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Ligging	:	Gedeelte Erf 373, Waenhuiskrans
Huidige sonering	:	Publiek en Sosiaal
Voorgestelde Grootte	:	10m x 12m

AGTERGROND

Skriftelike versoeke, soos aangeheg op **bladsy 60 tot 63** is van me R Europa, me E Bernado en me J Davids ontvang om 'n gedeelte van erf 373, Waenhuiskrans by die Raad te koop.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIële IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

DIREKTEUR: FINANSIële DIENSTE

In beginsel geen beswaar nie

DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE

Request not supported according to the MFMA alienation of municipal property should achieve the highest possible value. This stands if decided to be alienated should be sold on public auction.

DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE

Geen beswaar

ELEKTRISITEITSDIENSTE

Eskom supply area.

BESTUURDER: STADSBEPLANNING

Part of new layout to be approved by the Ward.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Die aansoek word ondersteun. Die aankope sal egter wel teen 'n markverwante prys vervreemd moet word. Die stadsbeplanningsafdeling is reeds getaak om die nuwe uitlegte te ondersoek. Die aangeleentheid moet ook vir die wykskomitee dien om hul insette te kry.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

BESTUURDER: WATER EN RIOOL

Noted.

BOUBEHEER

Die gedeeltes tersprake moet teen markwaarde verkoop word.

BESTUURDER: BESKERMINGSDIENSTE

Geen beswaar van verkeer.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (21 SEPTEMBER 2022)

Die Wykskomitee ondersteun die aansoek.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die aansoek nie ondersteun word nie.
- (ii) Dat die nuwe Stadsbeplanning uitlegte eers gefinaliseer word, waarna die erwe te koop aangebied sal word.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

AANBEVELING: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (1 NOVEMBER 2022)

- (i) Dat die drie gedeeltes soos versoek, wel aan die aansoekers vervreem word.
- (ii) Dat alle stadsbeplanningsprosesse wat insluit onderverdeling, konsolidasie en die publieke deelname proses, deur die aansoekers gevolg word.

BESLUIT 288 /2022

Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word

11.12 **LANGTERMYN VERHUURING: ERF 214, WAENHUISKRANS (R EUROPA)**

DOEL VAN VERSLAG

